**1 Februarie**

Skrifgedeelte: Deuteronomium 1:19-46
Fokusgedeelte: Deuteronomium 1:39 NAV

# Die heel beste vir jou kinders is om hulle te leer om die Here te vertrou

Ouers wil die heel beste vir hulle kinders hê. Baie ouers sal uit hulle pad uit gaan en hulleself selfs te na kom, om geleenthede vir hulle kinders te ontgin. In ons fokusgedeelte lees ons dat die ouers in Israel ook aan hulle kinders gedink het toe hulle die beloofde land in besit moes neem. Hulle het aan hulle kinders gedink en het toe nie kans gesien om die beloofde land binne te trek nie. Hulle was bang dat hulle babatjies buitgemaak sou word as hulle die land sou binnetrek. Hulle besorgdheid oor hulle kinders was gebore uit 'n gebrek aan vertroue op die Here. As jy die beste vir jou kinders soek, maar die beste sluit nie geloof en vertroue in die Here in nie, dan is dit nie die heel beste nie. Gelowige ouers moet hulle kinders leer om die Here te vertrou.
Soms hoor jy dat egpare nie kinders wil hê nie, omdat (volgens hulle) kinders 'n onreg aangedoen sal word om in die wêreld van vandag op te groei. Jy hoor ook dat ouers bang is dat te veel blootstelling aan die kerk kan veroorsaak dat hulle kinders 'n weersin in die kerk ontwikkel, veral as die kinders nog klein is (babatjies en kleuters) en nie alles daar verstaan nie. So 'n ingesteldheid getuig van dieselfde gesindheid as wat Israel gehad het toe hulle nie die beloofde land wou binnetrek nie. Israel het God nie vertrou nie. In hulle taksering van die werklikheid van die dag het hulle nie met God en sy almag rekening gehou nie. Veertig jaar later sou hulle babatjies en kleuters die beloofde land binnetrek, maar hulleself sou in die woestyn omkom.
Wat moes Israel veertig jaar gelede gedoen het? Hulle moes God se Woord geglo het. God sou immers voor hulle die beloofde land binnegaan. Hy sou vir hulle veg. Hy het hulle reeds uit Egipte verlos. Hy het hulle deur die woestyn gedra, soos 'n man sy seun dra (vs 29-33).
Glo die Here se Woord, vertrou Hom en leer jou kinders so om Hom te vertrou. Dit is die heel, heel beste vir hulle.
Sing: Psalm 25:4, 5, 6 (1936)

Ds ASA de Bruyn (Wilropark)